


Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



April 2014



Lees binne...

- Die kleure van die kruis – 1
- My offergawe – my verantwoordelikheid – 3
- Misterie as openbaring – 6
- Ringsvergaderings 2014 – 7

In hierdie uitgawe

- BI 1 Die kleure van die kruis (Dr Tanya van Wyk)
- BI 2 **Van die redakteur, ds David Barnard**
Vryheid
- BI 3 **Aktuele sake**
My offergawe – my verantwoordelikheid (Ds Jimmy Manders)
- BI 4 **Kerkwêreld**
Conventus Reformatus
Fakulteit Teologie open met gedenklesing
HTK amptelik geopen
- BI 5 **Kerkwerf**
Gemeente Bergsig word 60
Emerituspredikant oorlede
25 jaar in die bediening
Positiewe gesprek gevoer
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
Misterie as openbaring (Prof Marthinus Pretorius)
Opgewonde oor die nuwe proponente (Dr Stephan Hoffman)
Allereers kerk van die Here (Danie le Roux)
Ringsvergaderings 2014
- Agterblad **Oordenking**
Die dood is finaal oorwin (Ds Nardus Enslin)

Vryheid

Ds David Barnard skryf in die redaksionele berig dat vryheid nie volkome ongebondenheid beteken nie. Jy kan die vryheid wat aan jou toevertrou is, na goeie gebruik. Sou jy dit egter misbruik, verbeur jy 'n deel daarvan of selfs die totale voorreg.

Alle mense het 'n behoefte aan vryheid. In hierdie uitgawe van *Die Hervormer* word onder andere iets vertel van die vryheid wat ons in Christus het. Ons kan ongebonde en vry van straf en sonde leef danksy sy lewe en sterwe. Ons lees van die vryheid om die misterieuse God te ken, te soek en moontlik 'n deeltjie van sy wese te ontdek. Hierdie vryhede word telkens met teengewigte gebalanseer. Dr Tanya van Wyk lig die wrede werklikheid waarbinne ons leef treffend uit. Hierdie hartseer toedrag van sake vorm deel van die toneel wat God se bevryding deur Jesus Christus verbeeld.

Ons vryheid bring bepaalde verantwoordelikhede mee. Vry van die las van sonde, gebind aan Jesus. Ons is gebind aan sy wese en gebind aan sy lewe. Sy manier van doen en optree. Dit vra dat ons die Heer se voetspore sal soek en daarin sal volg. Ons kan nie vir die een kies en die ander nalaat nie.

Ons is almal bevoorreg om ook burgerlike vryhede te hê. Ons beskik oor bepaalde regte. Ons mag byvoorbeeld ons stem laat hoor. In die komende dae kry ons die geleentheid om 'n kruisie langs 'n politikus of 'n politieke party se naam te trek. Hierdie vryheid om jou stem te laat hoor, is waardevoller as wat 'n mens soms dink of wil toegee. Daar is etlike mense vir wie dit nie beskore is nie. In die onlangse verlede was dit in ons eie land nie vir almal beskore nie. Hierdie kosbare vryheid plaas op meer as een terrein 'n verantwoordelikheid op ons skouers. In die eerste plek dát ons sal stem. Ons het 'n plig of verantwoordelikheid om hierdie vryheid te benut. Ons kan tog werklik 'n verskil maak. Die volgende verantwoordelikheid hou daarmee verband dat ons hierdie vryheid met wysheid en insig sal gebruik. Ons moet vra na wat die beste vir die geheel is, nie noodwendig net vir my as individu nie. Hoe gaan ek my medemens met my vryheid en in verantwoordelikheid tot diens wees? Hoe gaan ek in Jesus se voetspore volg met hierdie vryheid, wat 'n verantwoordelikheid geword het, in my besit?

Die kleure van die kruis

Dr Tanya van Wyk skryf oor Pablo Picasso se 1930-skildery *La Crucifixion*, (die) Kruisiging. Hierdie uitbeelding ontstel. Dit versteur. Dit verwar. Die helderheid van die kleure wat nie by mekaar pas nie, is 'n aanslag op ons sintuie. In teenstelling met soberheid, oordadige kleur. In teenstelling met heelheid, verskeurdheid. In teenstelling met vrede, ontsteltenis. In teenstelling met sin, doelloosheid. In teenstelling met betekenis, leegheid. Dit is té deurmekaar, sal ons wil sê, en die skepping van 'n ongebalanseerde persoon. En boonop is dit nie eerbiedig genoeg nie. Die produk van iemand wat iets probeer uitbeeld waarvan hy dalk niks verstaan of weet nie. Die onverstaanbare skildery kan tog nie die *dierbare kruis* van ons Here Jesus Christus uitbeeld nie.

Miskien moet ons egter dan juis 'n oomblik vertoef. Picasso sou dalk die eerste een wees om te erken dat die skildery inderdaad uiters deurmekaar is. Maar dat dit juis is wat hy wou uitbeeld. Hoe word iets so verskriklik soos 'n kruisiging met godsdiens en geloof in verband gebring? Is dit nie waar versoening en heelheid ontstaan en geleef behoort te word nie? Tog is Jesus juis om geloof gekruisig. In die Christelike leer (dogma) word dit beskryf as Jesus se *versoeningsoffer*. Ons sê dat Jesus gekruisig is sodat ons kan lewe. Ons sê dat Jesus vir ons sonde gesterf het.

In die lig van die kleure van die kruis en opstanding kry ons perspektief op ons geloof te midde van die werklikheid waarin ons onself bevind: Die helder kleure wat ons sintuie aanval, die swart wat ons verblind en die hoopvolle wit wat op die horison wink, is 'n mosaïek – 'n gebreekte geheel. In hierdie mosaïek is ons tegelyk wagtend maar ook wakend, stil maar ook protesterend. En bo alles biddend. Want wanneer ons opnuut die lyding en opstanding van Jesus Christus onthou en gedenk, bid ons steeds saam met die gelowiges van alle eeue:

*God, skenk my die kalmte van gees om te aanvaar wat ek nie kan verander nie,
die dapperheid om dit te verander wat kán,
en die wysheid om die verskil te weet.
Leer my om een dag op 'n slag te lewe.
Oortuig my dat swaarkry dikwels tot diepe vrede lei,
en dat u genade 'n geskenk is en nie 'n loon nie.
Help my om die wêreld te aanvaar soos dit is, nie soos ek dit graag sou wou hê nie.
Versterk my met die hoop dat u eendag alles sal regmaak.
Maak my redelik tevrede met hierdie lewe,
en opgewonde oor die een wat kom.
(Toegeskrif aan Reinhold Niebuhr)*

My offergawe – my verantwoordelikheid

Ds Jimmy Manders onthou hoe gemeentes in die verlede offergawes ingesamel het, met die bekende offergaweboeke waarmee diakens van huis tot huis gegaan het. In Gemeente Witfontein het hulle oor 'n tydperk van twee jaar hierdie “bekende” manier van bydra tot die Kerk uitgefaseer omdat bepaalde sake drasties begin verander het. In plaas daarvan dat diakens of ouderlinge maandeliks die wyke se lidmate tuis besoek om offers in te samel, het hulle die sprong gemaak om elke lidmaat te motiveer om eienaarskap te aanvaar van sy of haar eie offer. 'n Offer is mos iets wat jy self graag wil gee of bring vir die Here – 'n Bybelse beginsel. Dit is nie iets wat gehaal gaan word nie. Hulle het gekies vir 'n aftrekorderstelsel en elektroniese bydraes via internetbankdienste – waar elke lidmaat self met sy/haar bank reëlings tref vir die maandelikse offergawe. Diegene wat nie die geriewe het nie, dra self by die kerk, by wyse van 'n koevertjie by. Tans dra 79% van dié gemeente elektronies by en die oorblywende 21% met koevertjies.

Witfontein het ook 'n stelsel in plek onder leiding van die finansiële komitee om almal se offergawes steeds te monitor en so seker te maak dat daar nie foute insluip tussen die bank en lidmate se betalings nie. Goeie kontrole bly noodsaaklik. Elke kerkraadslid kry ten volle insae in elke wykslidmaat se bydraes. Afgesien van SMS'e, stuur hulle 'n spesiale dankiesêbrief uit om elke lidmaat van harte te bedank vir getroue offergawes. Dié wat nie bydra nie, word ook per brief positief aangemoedig om wel by te dra, met positiewe resultate.

Dit is wanneer 'n mens telkens terugstaan en kyk na al die offergawes wat ontvang is, dat jy beseft dat dit alleen genade van die Here is wat mense se harte en lewens so aanraak dat hulle bereid is om vir die Here en vir die Kerk ook hul beste finansiële offer te gee. Sonder 'n faktuur of 'n rekening wat uitgestuur is, dra lidmate uit dankbaarheid by, sodat die kerk van die Here Jesus kan kerk wees tot sy eer. Die kort en die lank is: aan die einde van die dag kan ons elkeen enkel en alleen oor ons eie offer oordeel. Was dit my beste?

Misterie as openbaring

Prof Marthinus Pretorius het tydens sy 50ste ampsjubileum in die prediking in die besonder aandag geskenk aan die misterieuse, die geheimenisvolle en verborge aard van God se verhouding met ons. Die woorde *misterie*, *geheimenis* of *verborgenheid* beskryf in die Nuwe Testament die sentrale en wesenlike dade van die Here God soos wat dit gebeur, en daarom verwys ons altyd daarna as openbaring. Dit is woord en daad van die lewende Here. Dit gaan ons begrip, ons kennis, ons rasonale vermoëns as mens te bowe. Dit is altyd meer as net ons hart en verstand.

Dienaars van die Woord (VDM) is en moet altyd en alleen dienaars van Christus wees (*minister*, *attendant*) en bedienaars van die misterie van God – getroue en opregte uitdelers van die misterie van die koninkryk van God. Dit is slegs moontlik deur die Gees, met alle gebed en smeking sodat elke dienaar, soos Paulus, met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend kan maak. Dan alleen kan dit nooit ons eie storiëttjies en verhaaltjies wees nie, maar as tolk en getuie sal ons die Woord verwoord.

Ander berigte

Daar is onder andere ook berigte oor die Conventus Reformatus van Maart vanjaar, die amptelike opening van die Fakulteit Teologie en die Hervormde Teologiese Kollege, en die afsterwe van een van die Kerk se emerituspredikante. Kry ook in hierdie uitgawe die datums van 2014 se Ringsvergaderings.

Ds Nardus Enslin se oordenking herinner ons daaraan dat die dood finaal oorwin is. Die nut van Jesus Christus se opstanding is dat dit die ligstraal in die donker van ons siel is. In Hom **hét** ons opgestaan, en **sál** ons weer opstaan, en moet ons **voortdurend** opstaan, deur die werke van die duisternis af te lê, en te wandel soos kinders van die lig!